Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

PINKSTER 2024:

REGSINNIG EN RUIMHARTIG

As ‘n mens in hierdie wêreld wil oorleef – of beter, voluit wil leef! – moet jou kop reg wees. Jy moet kan onderskei tussen waar en vals, goed en sleg, belangrik en onbelangrik. Jy het wysheid nodig, die wysheid wat ‘n mens ook as regsinnigheid kan beskryf.

Jy het ook ‘n ruim hart nodig: ‘n hart wat vol liefde is, ‘n hart wat kan luister en verstaan, ‘n hart wat stadig is om te oordeel en wat geduldig is met ander. Want hoe kleiner jou hart is, hoe armer is jou lewe – en wat help dit jy reken jou kop is reg, maar jou lewe is armoedig?

Daarom het ons hierdie week gedink oor kop en hart, oor regsinnig en ruimhartig. Die belangrikste ding wat ek self, in my voorbereiding, weer besef het is dit: Om reg te dink oor God, is om groot te dink oor God, oor sy liefde en genade, sy krag en sy seëninge. En dis dié groot dink oor God wat my hart groter maak vir ander mense. As ons regsinnig is oor ons Vader, sal ons barmhartig wees teenoor mekaar. As ons regsinnig is oor Jesus, sal ons liefde bewys aan arm en stukkende mense. As ons regsinnig is oor die Gees, sal ons ‘n hart hê vir soekende mense.

Volgende is Pinkster verby – en die uitdaging vir ons lê nie dan nie net in kop en hart nie, maar in ons voete, ons hande. Gaan ons, omdat ons regsinnig en ruimhartig is, ook liefde doen? Mag die Gees julle gemeente daarin lei!

In dankbaarheid omdat ek die week met julle kon deel – Andries Cilliers.

Sondag 19/5

PINKSTERFEES

PINKSTERNAGMAAL

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Eljada nasorg (Oudtshoorn)

Diensbeurt: Konstitusiestraat

Rondgaande Dominees: Ds.Willem Lubbe preek by Wes.

10:00 Erediens by Jongensklipsaal geleie deur Ds.Werner Van Den Heever

Sondag 26/5

GEMEENTEVERJAARSDAG

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Bybelgenootskap

Diensbeurt: Krige

Sondag 2/6

BIDDAG VIR EKOLOGIE

DANKOFFERSONDAG

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Rotariër huis

Diensbeurt: Meulstraat

Preeknota's: 19 Mei 2024

Teks: Hand.13:1-3 en 44-52

Tema: God se kinders

Ons het die week Pinkster gevier – wat beteken Pinkster vir jou?

Pinkster kan gesien word as die ontstaan van die eerste kerk – sien ons raak dat die Heilige Gees in beheer van die ontstaan was en nie mense nie?

Wat kom by jou op oor Paulus en Barnabas se eerste sendingreis?

Die gemeente het 2 dinge gedoen voordat hulle die sendelinge uitgestuur het – vas en bid. Hoe raak die voorbeeld jou elke dag aan?

Het jy nodig om te vas en te bid oor 'n saak saam met ander gelowiges?

Die uitkoms van die eerste uitstuur aksie was dat die gelowiges vol blydskap en vol van die Heilige Gees was. Hoe vol is jou blydskap?

Hoe voel dit vir jou om deur die Heilige Gees vervul te word?

Naam	Van	Verjaardag	Selfoon
Viny	Coetzee	05/26	27829447724
Danie	De Bruyn	05/19	27762036500
Barend	De Kock	05/17	
Elizane	Du Toit	05/19	27716244284
Jan	Fick	05/19	27834481694
Tobie	Fourie	05/22	
Leandre	Fourie	05/18	
Floors	Groenewald	05/20	27726226830
Jeanette	Hauman	05/20	27835333253
John	Hauman	05/19	27832876882
Rita	Jackson	05/19	27834194946
Margaret	Kleinschmidt	05/25	
Godfried	Kroes	05/19	27832341717
Daniel	Le Roux	05/17	27822932894
Malan	Mouton	05/23	
Litriecia	Pieters	05/17	27748974147
Ruald	Pretorius	05/19	
Jaco	Rossouw	05/23	27825238367
Frans	Steyn	05/20	27813065351
Henna	Stone	05/23	27832368456
Rian	Swart	05/25	27834481736
Marnè	Uys	05/24	
Christelle	Victor	05/21	27826773555
Roché	Wessels	05/18	27727542300
Nicola	Whiteman	05/19	

Voorbiddings

Ons dink aan Talana Groenewald , familie en vriende met die afsterwe van Burgert Groenewald.

Riëtte Steyn (De Kuil)

Karin de Kock (Meulstraat)

Poenie de Kock se kleinseun (Solitaire)

Elma Groenwald (Sentraal)

2024 Santa Shoebox

Dit is ons 10de en laaste jaar. Ondersteun asb ons projek en borg ń SANTA SHOEBOX. Kontak vir Mariette 084539409 Ons kort nog 50 Borge!

Geagte lidmate

Ondersoek na moontlik terugstigting

Op 10 April 2024 het die twee NG gemeentes van Caledon se afvaardigings besin oor eenwording. Die vergadering het moeite gemaak om na God se stem te luister oor ons diens in Caledon en eenparig tot die volgende aanbeveling gekom.

Die volgende stappe in die proses:

- 'n Aanbeveling sal aan beide NG Caledon gemeentes se Kerkrade gemaak word, om ten gunste vir die eenwording van die twee (2) NG Caledon gemeentes te stem.
- Gespreksgeleenthede vir lidmate sal geskeduleer word.
- Tydens die Kerkraadsvergaderinge, wat in Junie 2024 plaasvind, sal daar gestem word of die eenwordingsproses gaan plaasvind.
- Die besluit van die kerkrade sal vir twee (2) Sondae in beide NG Caledon gemeentes se weeklikse nuusblaaie verskyn. Gemeentelede sal die geleentheid hê om enige besware te lig.
- Indien die Kerkrade ten gunste is vir die eenwordingsproses, sal die proses agtien (18) tot vier-en-twintig (24) maande duur.

Alle inligting is deurlopend beskikbaar op albei gemeentes se kommunikasie kanale asook op navraag.

So hou ons kontak!

Kerkkantoor: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp-nommer:
072 807 3192

Ds. Dewald du Toit:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

Ds. Willem Lubbe:
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Webblad: ngcaledon.co.za

Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

Snap here to pay

SnapScan